Skriflesing: Eksodus 33:1-23
Teks: **Eksodus 33:7**
Sing- Ps.84:1,3; Ps.32:3; Ps.106:1,8,9; Ps.91:1,5

Eksodus 33:1-23

Exo 33:1 Verder het die HERE met Moses gespreek: Gaan heen, trek hiervandaan op, jy en die volk wat jy uit Egipteland laat optrek het, na die land wat Ek met 'n eed aan Abraham, Isak en Jakob beloof het, met die woorde: Aan jou nageslag sal Ek dit gee;
Exo 33:2 en Ek sal 'n engel voor jou uit stuur—en die Kanaäniete, Amoriete, Hetiete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete verdrywe—
Exo 33:3 na 'n land wat oorloop van melk en heuning; want Ek sal in jou midde nie optrek nie, omdat jy 'n hardnekkige volk is; anders sal jy op die weg verteer word.
Exo 33:4 Toe die volk hierdie onheilspellende woord hoor, het hulle getreur; en niemand het sy versiersels aangesit nie.
Exo 33:5 Die HERE het naamlik met Moses gespreek: Sê aan die kinders van Israel: Julle is 'n hardnekkige volk; as Ek vir een oomblik in jou midde sou optrek, sou Ek jou vernietig. Maar haal nou jou versiersels van jou af, dan sal Ek weet wat Ek met jou moet doen.
Exo 33:6 Toe het die kinders van Israel hulleself beroof van hul versiersels, van die berg Horeb af.
Exo 33:7 En Moses het elke keer 'n tent geneem en dit vir hom buitekant die laer opgeslaan, ver van die laer af; en hy het dit genoem die tent van samekoms. En elkeen wat die HERE wou raadpleeg, het uitgegaan na die tent van samekoms wat buitekant die laer was.
Exo 33:8 En as Moses uitgaan na die tent, staan die hele volk op en gaan elkeen aan die ingang van sy tent staan. Dan kyk hulle Moses agterna tot hy in die tent ingegaan het.
Exo 33:9 En as Moses in die tent ingaan, kom die wolkkolom af en gaan by die ingang van die tent staan, en dan spreek Hy met Moses.
Exo 33:10 En as die hele volk die wolkkolom sien staan by die ingang van die tent, staan die hele volk op en buig, elkeen aan die ingang van sy tent.
Exo 33:11 Dan spreek die HERE met Moses van aangesig tot aangesig soos 'n man met sy vriend spreek. Daarna gaan hy na die laer terug; maar sy dienaar Josua, 'n jongman, die seun van Nun, het hom nie uit die tent verwyder nie.
Exo 33:12 Toe het Moses met die HERE gespreek: U sê nou wel aan my: Ek moet hierdie volk laat optrek, maar U laat my nie weet wie U saam met my sal stuur nie, hoewel U gesê het: Ek ken jou by die naam, en jy het ook genade in my oë gevind.
Exo 33:13 As ek dan nou genade in u oë gevind het, maak my dan tog u weë bekend, dat ek U kan ken; sodat ek genade in u oë kan vind. En bedink tog dat hierdie nasie u volk is.
Exo 33:14 En Hy antwoord: Moet Ek self meegaan om jou die rusplek te verskaf?
Exo 33:15 Toe sê hy vir Hom: As U nie self meegaan nie, laat ons dan nie hiervandaan optrek nie.
Exo 33:16 Want waaraan sou dan bekend word dat ek genade in u oë gevind het, ek en u volk? Is dit nie daaraan dat U met ons saamtrek nie? So sal ons, ek en u volk, onderskeie wees van elke volk wat op die aarde is.
Exo 33:17 Toe sê die HERE aan Moses: Ook hierdie versoek wat jy uitgespreek het, daaraan sal Ek voldoen; want jy het genade gevind in my oë, en Ek ken jou by die naam.
Exo 33:18 Daarop vra hy: Laat my tog u heerlikheid sien.

Exo 33:19 Maar Hy antwoord: Ek sal al my majesteit by jou laat verbygaan en voor jou die Naam van die HERE uitroep; maar Ek sal genadig wees vir wie Ek genadig wil wees, en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm.
Exo 33:20 Verder het Hy gesê: Jy kan my aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie.
Exo 33:21 Ook het die HERE gesê: Kyk, hier is 'n plek by My waar jy op die rots kan gaan staan.
Exo 33:22 En as my heerlikheid verbygaan, sal Ek jou in die skeur van die rots stel en jou met my hand oordek totdat Ek verbygegaan het.
Exo 33:23 En as Ek my hand wegneem, sal jy My van agter sien; maar my aangesig kan nie gesien word nie.

Skriflesing: Eksodus 33:1-23
Teks: **Eksodus 33:7**
Sing- Ps.84:1,2; Ps.32:3; Ps.106:1,8,9; Ps.91:1,5

Het u al vir uself 'n tent van ontmoeting opgeslaan, broeder en suster? Ons wat maar nog heel aan die begin van die jaar staan kan so 'n Nuwejaar heel gepas ook noem die tyd van tent opslaan. Dit gaan daaroor om hierdie jaar in te gaan met die begeerte dat my lewe sy ontmoeting met God sal hê. U moet aan die begin van 2014 eers vir jou 'n tent van ontmoeting kan opslaan.

Ons benader hierdie tent van drie kante. Eerste sien ons die ongewone plek waar Moses hierdie tent opslaan. Tweedens sien ons die afspraak by hierdie tent. In die laaste plek die beweging na- en van hierdie tent. Ja, in hierdie jaar sal dit dikwels in u verhouding met God ook gaan om plek, afspraak en beweging…

Die ongewone plek

God se plek is by die mens. So maak God Homself dikwels bekend as die Een wat naby die mens wil wees. God het nog voor Eksodus 33 al vir Moses die opdrag gegee gehad dat daar 'n tabernakel ingerig moes word. Daarmee wil God by die mens kom tabernakel, of dan letterlik vertaal God wil by die mens kom woon. Hoe die tabernakel moes lyk en waar die tabernakel moes staan was alles duidelik. So ook nog voor die tabernakel moet staan die verbondsark. Die ark was in die vorm van 'n kis met presiese mates en 'n deksel en ringe op die hoeke en selfs draaghoute om die kis te dra. Stokke wat nie eers uitgehaal mag word nie (Eks.25:15).

God maak bekend dat Hy elke tree met Israel deur die woestyn saam op trek is. Die mens moes elke sekonde gereed staan vir sy verdere trek en dit saam met die Here.

Alles, die tabernakel, die verbondsark, sou dui op ‘n naby verhouding tussen die Here en sy volk. Die Here was so naby die ark dat die Here in Eksodus 25:22 dit presies verduidelik –*daar* (op die versoendeksel) *sal Ek met jou saamkom , en van die versoendeksel af, tussen die twee gerubs uit wat op die ark van die Getuienis is, sal Ek jou alles sê wat Ek jou vir die kinders van Israel sal beveel.* In eenvoudige duidelike taal en simbole was daar geen sprake van ‘n ver-af verhouding tussen die Here en sy volk nie.

Eksodus 33 is dit skielik anders. Hier is die plek van die tent van ontmoeting ‘n *ver* tent, *buitekant* die laer het Moses die tent moes opslaan. Daar moes iets tussen die Here en sy kinders gebeur het, broeder en suster, en ja, hierdie hartseer lê vlak, sommer net in die vorige hoofstuk. Die bou van die goue kalf is seker dié laagtepunt van die hele woestynreis wat maar baie laagtepunte deurgegaan het. Die bou van die kalf was só moedswillig, só versteurend, só brutaal, só verskriklik om te moet aanvaar dit is God se volk wat so met hulle God en Vader gemaak het. Ten spyte van sy liefde en genade, ten spyte van die Here se verbond waar die Here in Eksodus 19 dit nog so mooi gesê het- vv5-6 – *As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou , sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En julle sal vir my ‘n koninkryk van priesters en ‘n heilige nasie wees.* Nog voor dit het God Homself as arend oor hierdie volk voorgestel waar God vir hulle sê dat uit Egipteland het *God hulle op arendsvlerke gedra en na Hom toe gebring.*

Eksodus 33 lê die silhouette van die goue kalf soos ‘n kanker tussen die Here en sy volk. ‘n Volk wat die Here wil dien soos die volk lus het, soos die volk daarna vra, so doen Aäron. Watter skok was dit ook nie vir Moses nie! Die Wet waaraan God met sy vinger geskrywe het word in skerwe gegooi; alles wat die Here vir hierdie volk gedoen en belowe het word deur so ‘n daad in die grond in vertrap. Al sou die kalf skitter met weelde en goud, maar vir die Here is hierdie goud en versiersels in die vorm waarin dit

gegiet is, ‘n gelykskakeling tussen Hom, die enigste Here, en die ander volke se gode, asof hulle maar gelyk en dieselfde is. Soos die Wet stukkend gegooi is, was maar net ‘n bevestiging dat die eerste en tweede gebod lê reeds aan skerwe, hoe kan die res van die Wet heel bly? Moses gooi dit stukkend!

Daarom sal God met hierdie volk maak soos die ander volke dink met hulle gode gemaak moet word. Die ander volke, die heidennasies het hulle afgode buitekant hulle stede of kampe opgerig. Die tent van ontmoeting sal nou buite die laer moet staan…dit word nog weer beklemtoon- *ver van die laer af…*

***

Broeder en suster, u tent van ontmoeting wat u hier aan die jaar - begin moet opslaan, hoe ver staan die tent van die Here af. Vêr of naby die Here? Kom ons vra dit nog beter. Wil die Here u ver van Hom af hê, soos met Israel hier, of wil die Here nog weer met u ‘n tabernakel oprig, waar dit gaan om ‘n tent van ontmoeting in die midde van u lewe? U sal weet of u wel ver van die Here af lewe. As daar ander gode in u lewe is, geld, goed en plesier, ek kan nie sulke dinge op die naam noem nie, maar u sal weet of daar dié dinge is wat vir u belangriker is as u verhouding met die Here. Dinge wat u in u lewe eerste stel, wanneer die Here nie meer eerste in jou lewe is nie. Dan is u tent daar ver, buitekant God, God wil met u maar maak soos met ander mense vir wie Hy goed kan wees, maar Hy dan nie noodwendig vir hulle ‘n Vader wil wees nie. Broeder en suster, dit bring ons reeds by die tweede saak vandag-

Die afspraak by hierdie tent:

Die tent wat daar buitekant staan, word gesien as ‘n tent van samekoms, en wie die Here wou raadpleeg het uitgegaan na die tent toe wat buitekant was. Weer word die buitekant beklemtoon, want aan die binnekant het dinge tussen die Here en sy volk lelik skeefgeloop. Daar is nou meer iets van ‘n *afspraak* met die Here as wat daar sprake is van ‘n *verhouding* tussen die Here en sy volk. Die volk gaan buitekant toe, hulle het uitgegaan, buitekant die laer.

***

‘n Diep vraag wat ons ook in ons verhouding met die Here moet vra, is of ons verhouding met die Here ons afsprake met die Here bepaal, en of het ons maar eerder net afsprake

met die Here wat ons verhouding met die Here bepaal? As my verhouding my afspraak bepaal dan is ek naby God, want God is naby my, maar as ek met God wil afsprake maak om by ‘n soort van verhouding met God uit te kom, dan kan mens nie so seker wees of God dan wel nog naby my wil wees nie.

***

Die Here maak dit duidelik dat die volk Israel wel ook met die trek sal kan voortgaan, maar sonder die Here. Met ander woorde Israel word op een lyn geplaas met ander heidense volke, omdat hulle God op een lyn wou plaas met ander gode. Die Here maak nog meer bekend. Die land van melk en heuning wat voor hulle lê wag nog steeds vir hulle. Hulle sal daardie land met sy melk en heuning kan intrek, maar dit sonder die Here. Die Here praat boonop van ‘n engel wat Hy ook sal vooruit stuur om heidense volke oppad na hierdie land weg te drywe, maar broeder en suster, die verskil is nou heeltyd dat die Here nie Self verder met hulle wil saamtrek nie. Dit is so goed dat hulle is nou ook maar net soos enige ander volk, wat wel in die algemeen deur die Here gelei word, maar daar is geen sprake meer van die besondere verhouding wat dié verbondsverhouding impliseer nie.

Israel sou selfs voorspoed kon hê, dit bly ‘n land wat oorloop van melk en heuning, maar broeder en suster, by ons tent van ontmoeting is die groot vraag, wat beteken al die voorspoed as die Here nie naby ons is nie. Baie mense mag voorspoed beleef met die Here ver van hulle af, maar wil ons sulke voorspoed hê. Sulke voorspoed beteken op die einde niks as God nie saam trek nie.

Ook as ons hierdie jaar intrek, en ons gaan die toekoms voorspoedig in, en dit *sonder* God, broeder en suster, dan sal al ons voorspoed vir ons niks beteken nie. Laat die afspraak met God vir ons duidelik wees. Al gaan ek ‘n toekoms in wat oorloop van melk en heuning maar sonder die Here, dan is daar op die einde geen onderskeid tussen my en ‘n heiden nie. Dis erg om so daaraan te dink… Ek kan dalk die melk en heuning op die oomblik geniet, maar wat van môre, en die dae wat kom, waar ek dan skielik sal besef dat hierdie melk, hierdie heuning het geen blywende waarde nie. So sing die kinders van Korag in Psalm 84 van die dinge met blywende waarde- *Een dag is in U huis my meer, as*

duisend waar ek U ontbeer, veel liewer is ek in U woning 'n drumpelwagter, as gewend aan ydle vreugde in sondaarstent.

Die ontmoetingsplek met God moet binne sy kerk wees. Deel van sy kerk, een met God se wil, saamgebind as deel van die liggaam van Christus, sigbaar in die erediens, verwesenlik in die lewe van Maandag tot Saterdag, moet ons tent van ontmoeting nie ver buitekant geplaas wees nie. Mag God naby ons wees, by u teenwoordig wees, mag die Here met u saamgaan, in wat u beplan, in wat u dink en doen hierdie jaar. Want in die laaste wil ons kyk na hoe belangrik dit is om met God te beweeg.

Vir ons gaan dit om die beweging na- en van hierdie tent:

Moses het geweet dat as die Here nie saam met hulle trek nie, daar geen onderskeid tussen hulle en die heidene sal wees nie. 'n Ver van die laer, buitekant tent is die onheilspellende inleiding van as ons weer van hier moet verder gaan, hoe ver sal die Here dan net-nie van ons af wees nie! Sonder God se teenwoordigheid en nabyheid weier Moses om 'n voet te versit. Moses wil vir God by hulle hê, binne die kamp, God moet by sy volk woon en saam met hulle op die trekpad wees.

Baie duidelik word Moses 'n besondere middelaar in hierdie verskriklike tyd van die woestyntog. Moses begin vir die volk by God te pleit. Al was dit só verskriklik wat Israel gedoen het, en ja, drie-duisend mense is gedood oor hulle kalwerliefde, waar hulle vir God met hierdie bees-stellasie wou verplaas. God was so kwaad dat Hy die hele volk sou kon uitwis en in Moses 'n nuwe volk tot stand wou bring (Eks.32:10).

Moses tree in vir die volk deur op grond van God se eie beloftes vir die volk te pleit. En geliefdes, deur die storm van woede en afstand is daar die deurbreek van God se genade met 'n stem wat vra- *Moet Ek self meegaan om jou die rusplek te verskaf?* Moses was bereid om sy lewe vir die volk te gee. Hy gaan so ver met sy poging tot versoening deur hom bereid te verklaar dat as God maar net die volk sal vergewe, dan kan God maar sy naam uit die lewensboek uitvee. Broeder en suster, sou God dit doen? Néé, Moses kon nie self as sondige mens vir 'n ander se sonde betaal nie, maar Jesus Christus is die Een wat hier verkondig moet word. So groot soos wat God se toorn teenoor hierdie sonde in

die woestyn teenoor sy volk ontbrand het, soveel groter het God se toorn teenoor sy Seun ontbrand toe Jesus ook buite die stad op die heuwel Golgota gekruisig moes word. En dit oor die sonde van al God se kinders. Oor die sonde in die woestyn, oor u en my sonde in ons woestynlewens.

Buite die stad, daar is alreeds afstand tussen God se Seun en God se stad, maar nog groter het die afstand geword, waar die tent van samekoms, buitekant en ver van die laer af was, het God Jesus buite laat kruisig en was sy Vader juis toe ook ver van Hom. Jesus het hierdie verskriklike eensaamheid in die skemerte van die kloof tussen Hom en God in sy vierde kruiswoord laat weerklink- *My God, my God waarom het U my verlaat*…Alles dui op afstand, God wat ver was, Jesus wat alleen was, eensaam, in die hel terwyl die aardse liggaamlike lewe Hom nog nie ontneem was nie. Dit sou die pyn en verskrikking van daardie drie ure net nog meer verskriklik maak. EN dit het Jesus gedoen, as betaling van ons sonde, maar terselfdertyd om die kloof wat die sonde tussen God en ons meegebring het, te oorbrug.

As God vir Moses vra- *Moet Ek Self meegaan om jou die rusplek te verskaf?,* broeder en suster, hoe ver het God nie reeds Self sy vraag geantwoord nie. God het so vêr saamgegaan, in Sy eie Seun het God met die mens saamgegaan, die lewe van sy eie Seun gegee, sodat die reis nog verder kon gaan. God het saamgegaan, en op Pinkster sy Heilige Gees saamgegee dat u ook nou die Here vir u kan hoor vra- Moet Ek self met jou saamgaan….? Mag u die Here vanoggend in u lewe dit hoor vra? As u opreg vra dat God in u lewe teenwoordig moet wees dan sal God jou ook van Sy vrede verseker. Mag die Heilige Gees u daartoe dring om vir die Here te vra dat as die Here nie met my saamgaan nie, dat ek nie ‘n dag langer in die jaar 2014 verder sal kan ingaan nie.

Dit moet u troos om te weet die Here <u>ken jou op jou naam</u>, al is die wêreld hoe oortrek van mense. Ons moet vanoggend van hierdie tent van ontmoeting wil weggaan, nie maar met ‘n geloof dat God net in sy algemene voorsienigheid na my moet omsien nie, maar die tent van ontmoeting moet naby my opgeslaan wees

Aan u persoonlik die laaste vraag- U tent van ontmoeting met God wat u vanoggend voor God opslaan is u bereid tot ‘n bietjie gaan stilstaan en doen selfondersoek, dink na en besluit waarnatoe beweeg u lewe.

Soos ons in die begin gesê het die nuwe jaar is tyd vir tent opslaan. ‘n Groot deel van die bepaling van die afstand tussen die laer van u lewe en daar waar God by die tent van ontmoeting is, is gesetel in wat ons plek, ons afsprake, ons bewegings teenoor ons hemelse Vader gaan wees. Moet God nie tart nie, maar mag Hy met U wil saamgaan, dan gaan u die jaar in met vreugde, met toewyding en gehoorsaamheid.

AMEN